RIGLYNE RAKENDE EGPAAR

Buitelanders:

Die Departement van Binnelandse Sake (DBS) se eie amptenare hanteer die wetlike bevestigings. NG Predikante word aangeraai om slegs 'n kerklike seremonie te behartig.

Lees meer hieroor in die NGK Parlementêre Lessenaar skrywe.

Geskeides:

Huwelike waar een of meer partye geskei is

Indien enigeen van die bruid of bruidegom **geskei is, moet die finale egskeidingsbevel** as bewys ingedien word.

Oor die formaat van egskeidingsbevele wat tydens die registrasie van huwelike aanvaar word, reageer die Departement van Binnelandse Sake (DBS) se hoofkantoor in Pretoria as volg: Weens talle probleme met vervalsings en bedrog, moet alle egskeidingsbevele wat na 2006 uitgereik is, oor die volgende kenmerke beskik:

1. 'n Kantoor-stempel van die griffier van die hof waar die bevel uitgereik is;

2. Die griffier van die hof se handtekening;

3. Die name en ID-nommers van beide partye genoem in die egskeidingsbevel

Oor egskeidings wat van voor 2006 dateer, is die DBS effe onduidelik oor presies wat die departement van huweliksbevestigers verwag. Egskeidingsbevele wat voor 2006 uitgereik is, het blykbaar nie almal al die bogenoemde kenmerke vertoon nie. Daarom is dit belangrik dat ID-afskrifte saam met die res van die dokumentasie ingedien word vir die registrasie van huwelike waar een of albei partye geskei is. Gelukkig is dit reeds ons gebruik vir huweliksbevestigers van die NG Kerk om ID-afskrifte in te dien.

By "Opmerkings" in die huweliksregister word ingeskryf dat byvoorbeeld die man geskei is. Die verwysingsnommer van die hooggeregshofbevel word dan ook volledigheidshalwe daar ingeskryf. Terwyl die nuwe formaat van huweliksregisters nie op dieselfde manier vir opmerkings voorsiening maak nie, kan hierdie bykomende inligting as 'n aparte dokument bygevoeg en ingedien word.

Weereens geld die goue reël: huweliksbevestigers word aangemoedig om die verhouding met hulle plaaslike DBS-kantoor so goed moontlik uit te bou om enige vrae en onduidelikhede maklik daar plaaslik tot almal se bevrediging uit te klaar.

Huwelikstatus:

Kontroleer die huwelikstatus van die egpaar voor die huwelik

- Per SMS

Suid-Afrikaanse burgers se huwelikstatus kan gekontroleer word deur die letter M, gevolg deur die persoon se ID-nommer (byvoorbeeld M5001010050080) na 32551 te SMS. ’n SMS as reaksie sal binne oomblikke ontvang word. Daarin word die huwelikstatus, sowel as die datum van die huwelik vermeld. SMS’e kos R10 en word deur jou netwerkdiensverskaffer verhaal.

- Aanlyn

SA-burgers se huwelikstatus kan ook op die webblad van die Departement van Binnelandse Sake gekontroleer word deur middel van ’n ID-nommer. Hierdie diens is beskikbaar by http://www.dha.gov.za/enquiry/marital/status/marital_status.asp

Minderjariges:

Die ouderdom vir minderjarigheid het verander (onder andere na die aanvaarding van die nuwe kinderwet). **Onder 18 jaar** is tans die ouderdom vir minderjarigheid, sodat die vorm vir toestemming tot die huwelik van ‘n minderjarige (BI-32) voortaan slegs nodig is indien een van die partye onder 18 is.

Weduwees/Wewenaars:

Sou een of meer van die persone wat in die huwelik bevestig word, se status weduwee/wewenaar wees, moet ’n gesertifiseerde bewys van die **oorlede huweliksmaat se sterftesertifikaat** as bewys ingedien word.